Verwysing: 20170530 - 1423
3/3/3/3/2
Navrae: NP Funani

Strategiese Mensbestuurminuut: 0003/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: SIBMB-koördinering en -advies, SIBMB-bestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale

Onderwerp: Distriksgebaseerde Funza Lushaka-beurse vir studente in die Wes-Kaap Provinsie vir 2018

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil graag hiermee die beskikbaarheid van 66 buitengewone distrikgebaseerde Funza Lushaka-beurse aankondig vir die 2018-akademiese jaar vir graad 12-leerders wat van voorneme is om 'n formele onderwyskwalifikasie te studeer.

2. Die nasionale Departement van Basiese Onderwys (DBO) se Funza Lushaka-beursskema, voorsien hoogpresterende leerders van 'n volkoste beurs wat klasgelde, verblyf met maaltye, 'n handboektoelaag, notas en laboratoriumgelde dek (waar van toepassing), sowel as 'n maandelikse toelae om basiese lewenskostes te dek.

3. Die Funza Lushaka-beursskema is 'n veeljarige program wat in 2007 van stapel gestuur is om onderrig as beroepskeuse in openbare skole vir bekwame en toegewyde Suid-Afrikaners te bevorder. Die program word plaaslik by vier hoëronderwysinstellings (HOI's) in die Wes-Kaap bestuur, nl. die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Stellenbosch en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie

4. In 2012, het die DBO 'n distriksgebaseerde werwingsprogram bekendgestel met die fokus op leerders vanuit arm gemeenskappe (leerders by skole wat geen skoolgeld vra nie, of wie van skoolgeld kwytgeskeld is) om hulle te help om toegang tot die Funza Lushaka-beursskema te verkry. **Ses en sestig buitengewone beurse sal slegs**

toegeken word aan studente wat bereid is om by skole in landelike gebiede onderrig te gee, met inagneming van die behoeftes van landelike onderwysdistrikte.

5. Die toekenning van 'n Funza Lushaka-beurs is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

   (a) Die program sal studente wat graag in die Grondslagfase wil spesialiseer (Graad 1 tot 3) of wat beplan om 'n VOO-graad te studeer, met spesialisering in Ekonomie, Rekeningkunde, Wiskunde, Wetenskap en/of tegniese vakke.
   (b) Die beurs word vir een akademiese jaar op 'n slag toegeken, en met bewys van akademiese sukses, kan dit jaarliks hernu word tot waar die ontvanger van die beurs as 'n opvoeder kwalifiseer.
   (c) Daar sal van die beurshouer verwag word om jaarliks teen die einde van Oktober vir die volgende jaar heraansoek te doen.
   (d) Na afloop van die studiekursus sal die beurshouer versoek word om by 'n skool in 'n landelike gebied vir 'n tydperk van een jaar vir elke jaar wat hulle die beurs ontvang het, onderrig te gee.
   (e) 'n Afskrif van die aansoeker se graad 11-uitslae van 2016 moet saam met die aanvanklike aansoek ingedien word.

6. Voornemende aansoekers moet daarbenewens aansoek doen om toelating, en moet aan die toelatingsvereistes van die verskeie hoër onderwysinrigtings (HOI's), soos vermeld in paragraaf 3 hierbo, voldoen. Gebaseer op die volgende minimum akademiese kriteria, sal die beurse op meriete deur die keurkomitee by die WKOD-hoofkantoor in Kaapstad by die DBO aanbeveel word:

   (a) 'n "Toelating tot Baccalaureusgraad studies", slaag op graad 12-vlak.
   (b) Slaag Huistaal met 40% of meer. Eerste Addisionele Taal met 30% of meer en die ander vier vakke met 50%.
   (c) Studente wat in die Grondslagfase wil spesialiseer, moet Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid op graad 12-vlak slaag.
   (d) Studente wat graag in die onderrig van tegniese vakke wil spesialiseer, moet 'n slaagsyfer in Wiskunde/Tegniese Wiskunde en Fisiese Wetenskap/Tegniese Wetenskap behaal.

7. **Aanbevelings**
   (a) 'n "Toelating tot Baccalaureusgraad studies", slaag op graad 12-vlak.
   (b) Minstens 'n Vlak 4-slaagsyfer of minstens 'n slaagsyfer van 60% in Huistaal of 'n slaagsyfer van 50% op matriekvlak in die vak wat die prioriteitsarea word/vak waarin die aansoeker in die BEd-kursus gaan spesialiseer.

8. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2017.** Aansoekers moet aansoek doen deur die aangehegte aansoekvorm te voltooi, en dit te stuur aan die amptenare gemeld.

Die volgende amptenare van WKOD-hoofkantoor kan vir enige navrae oor hierdie saak gekontak word:

- Me Malorato Mpiti Tel. 021 467 2155 / Malorato.Mpiti@westerncape.gov.za
- Mnr Lusapho Nzongo Tel. 021 467 2190 / Lusapho.Ndzongo@westerncape.gov.za

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-leerders.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-06-24